Geregistreer aan die Hoofposkantoor as 'n Nuusblad.

O.B.

Jrg. 11. Kaapstad, 22 Oktober 1952. Prys 3d. Nr. 47.

# V.V.O. WORD JOODSE MAGSMIDDEL

**Die V.V.O. het die afgelope week 'n trap hoër geswel in sy dreigende houding teenoor Suid-Afrika toe die reëlingskomitee van die liggaam besluit het om Suid-Afrika se kleurbeleid op die agenda van die Algemene Vergadering te plaas. Ook die Franse beleid in Noord-Afrika is vir bespreking op die agenda geplaas. In die lig van hierdie verdere inmenging in die binnelandse aangeleenthede van lande is dit van belang om die lig 'n bietjie op hierdie wêreldinstelling te laat val. Daar is 'n sterk beweging aan die gang om steeds meer mag in die V.V.O. te konsentreer sodat hy uiteindelik die enigste liggaam sal wees wat oor atoomwapens beskik en 'n leër in stand sal hou om wêreldvrede te bewaar. Moskou is hierdie plan baie goed gesind. En dit is verstaanbaar.**

'n Paar flitse in die nuus van die afgelope weke stem tot nadenke. Uit New York is berig dat die Amerikaanse regering dertien Amerikaanse burgers wat aan die personeel van die V.V.O. verbonde is, ondervra het oor hul kommunistiese verband. **Twaalf van hulle het geweier om te antwoord op die vraag of hulle aan die Kommunistiese Party behoort het, terwyl die dertiende, ene Ruth Crawford, erken het dat sy lid van die party was.**

**Ruth se salaris by die V.V.O. het £3,200 per jaar bedra. Sy was maar openbare skakelbeampte van die V.V.O. se kinderfonds. Die buitengewoon hoë salarisse wat deur die liggaam betaal word — en waartoe Suid-Afrika moet bydra — blyk uit die feit dat die ondersekretarisse elk £12,000 per jaar ontvang — meer as ons Goewerneur-generaal.** Nadat aangedring is op groter besparing het die sekretaris-generaal, Trygve Lie, verlede week aangekondig dat hy agt van die ondersekretarisskappe sal laat verval, wat 'n besparing van £100,000 sal meebring.

### WIE IS HULLE?

Wie is die mense wat hierdie vet poste beklee en aan wie al meer mag oor die wêreld toevertrou moet word? Die Amerikaanse koerant, Common Sense het onlangs 'n lys name bevat van die mense wat sleutelposisies binne die V.V.O.-administrasie beklee, en wat almal Jode is. **Dit toon dat hierdie organisasie buite alle verhouding tot die Joodse wêreldbevolking met Jode deurspek is. En nou is dit 'n feit dat dit juis Jode is wat in byna alle lande aan die voorhoede van die kommunisme bevind word. Die atoomverraaiers in Amerika en Engeland is byna voor die voete Jode. 'n Wêreldorganisasie van wie die administrasie in die hande van hierdie mense is, is 'n magsinstrument in die hand van internasionalisme en kommunisme.**

Die naamlys wat Common Sense gepubliseer het, bevat die volgende:

### HOOFPERSONE

**Hoofsekretariaat:**

H. C. Bloc (hoof, bewapeningsdiens); A. Goldet (direkteur-generaal ekonomiese sake); A. Rosenberg (ekonomiese afd.) D. Weinstraub (direkteur afd. vir ekonomiese stabilisasie); K. Lachmann (hoof, finansiediens); H. Langier (ondersekretaris-genl. van sosiale sake); C. Steinig (direkteur afd. verdowingsmiddele); E. Schwelb (onderdirekteur afd. regte van die mens); K. A. Wierchoff (hoof afd. voogdyskap); B. Cohen (ondersekretaris - genl. inligtingsdiens); I. Kerno (ondersekr.-genl. juridiese afd.); A. K. Feller (direkteur juridiese diens); M. Schreiber (afd. juridiese diens); G. Sandberg (afd. kodifikasie van volkereg); D. Zaplodowsky (direkteur van drukwerkdiens); G. Rabinovitch (betaaldiens); M. Abromovits (direkteur van beplanningsdiens); P. C. J. Kien (hoof, rekendiens); M. Bergman (personeelafd.); P. Radzianko (sekr. beroepsafd.); A. Signer (mediese kliniekleier).

**Inligtingsdiens:**

J. Shapiro (V.V.O.-inligtingsdiens); B. Leitgeber (New Delhi); H. Fast (Shangai); J. Stawinski (Warschau).

**Internasionale Arbeidsburo:**

D. A. Morse (direkteur intern. buro van die arbeid); Altmann, D. Zellerbach, Finet (lede van die raad van beheer onderskeidelik van Pole, V.S.A. en België); G. Garres (korrespondent Ekuador); J. Rosmer (korrespondent Pole).

**Internasionale Voedingsorganisasie:**

A. Mayer (ondervoorsitter); A. P. Jacobson (verteenwoordiger Denemarke); E. de Vries (verteenwoordiger Nederland); M. M. Liebmann (afd. kunsmisstowwe); M. Ezekiel (hoof ekonomiese analise); B. Kardos (afd. gemengde sake); M. A. Hubermann (regsafd. van seksie-bosbou); J. P. Kagau (afd. uitrusting); J. Mayer (afd. voeding); F. Weisel (direkteur bestuursafd.).

**Opvoeding- en Kultuurorganisasie:**

A. Sommerfeld en P. Carneiro (twee van die vier uitvoerende komiteelede); A. Sommerfeld (voorsitter van die uitvoerende komitee van internas. betrekkinge); J. Eisenhardt (direk. afd. raad van heropvoeding); mej. Luffmann (hoof afd. opvoeding); H. Kaplan (hoof politieke informasieburo); C. H. Weitz (hoof van beheerkantoor); B. Selsky (hoof personeelafd.); B. Abramski (hoof huisvesting- en reisafd.); D. A. Welsky (direkteur afd. Suid-Asië).

**Internasionale Bank van Heropbou:**

M. M. Weldels (sekretaris); L. B. Rist (ekonomiese direk.); L. Chmela, E. Polass, P. Mendès, A. M. de Jong, C. M. Bernales, D. Abramovic (lede van die raad van goewerneurs).

(Vervolg op bladsy 4 kolom 4)

# Britse Ondank vir S.A. Hulp

**Die ondankbaarheid van sekere politieke leiers in Brittanje jeens Suid-Afrika vir hulp wat aan Brittanje verleen word, was die onderwerp van 'n skerp verwyt deur mnr. Eric Louw, minister van ekonomiese sake, voor die kongres van die Afrikaanse Handelsinstituut verlede Maandag in Bloemfontein.**

**Mnr. Louw het gesê dat hy nog nooit in sy lewe snoder ondankbaarheid teengekom het as dié wat die voormalige eerste minister van Brittanje, Clement Attlee, en lede van sy kabinet openbaar het nie.**

**„Dit was die Attlee-bewind wat in 1949 'n beroep op die Unie-regering gedoen het om Engeland te help. Mnr. Havenga het na Londen gegaan en goud ter waarde van £50,000,000 per jaar is aan Engeland gewaarborg, terwyl ek hier in die Unie verplig was om ons invoerregulasies so te wysig dat Engeland nog 'n bykomende £30,000,000 aan goud kon verdien."**

**Ten spyte hiervan skel Attlee en sy party vandag op die Unie-regering. Hierdie aanvalle het begryplikerwys 'n nadelige uitwerking op moontlike beleggers.**

## Waardevoller as ons Goud

Die moontlikheid dat die petrolfabriek, Sasol, met afvalprodukte 'n groter waarde aan uitvoer kan verdien as ons goudproduksie is deur mnr. F. J. du Toit, voorsitter van die Raad vir die Ontwikkeling van Natuurlike Hulpbronne, in Bloemfontein in die vooruitsig gestel.

Hy het gesê dat Sasol groot moontlikhede skep vir die ontwikkeling van 'n chemiese nywerheid uit sy groot verskeidenheid afvalprodukte.

# HONDERDPONDERS SIT VIR NUWE BLAD OORGEHAAL

**Die eerste stappe tot die uitgee van 'n republikeinse weekblad wat kan dien as mondstuk vir alle republikeine is reeds gedoen. Daar is by die Departement van Binnelandse Sake aansoek gedoen om registrasie van die naam *Die Republikein*, en sodra toestemming verleen is, sal met die publikasie begin word. In die eerste week van November vergader die verkleinde Grootraad in Pretoria wanneer besondere aspekte van die nuwe blad bespreek en afgehandel sal word.**

**Intussen is kragte aan die werk om 'n groot fondsinsameling van stapel te stuur wat in die nuwe blad verantwoord sal word. Na ons meegedeel is, word voorbereidings getref om die fonds met etlike groot bedrae te open en het 'n paar persone reeds aangebied om elk 'n £100 vir die doel te skenk.**

Die lesers sal onthou dat die Laertrek in Bloemfontein op 23 Augustus eenparig besluit het om 'n verkleinde Grootraad te belas met die taak om onder meer af te stuur op die skepping van 'n omvattende nie-partypolitieke republikeinse beweging en die ondersteuners van die O.B. aan te vuur om hulle voortaan rondom 'n republikeinse blad vir daadwerklike ondersteuning te verenig.

Die gedagte van so 'n blad het reeds simpatiek aanklank gevind in republikeinse geledere buitekant die Ossewabrandwag en bydraes is al ontvang van lede van die Nasionale Party. Intussen ontvang die sekretaris ook goeie wense en geldelike bydrae van verskillende kant.

### GOEIE WENSE

Mev. V. Ferguson, Kaalkrantz, distrik Prieska, stuur £2 10s. „met beste wense vir baie intekenaars in die toekoms". Van mnr. W. C. Victor, Blauwbospan, Pk. Wegdraai, is 'n pond ontvang as intekengeld en bydrae. „Mag die veldtog van die Grootraad om fondse in te samel vir die republikeinse blad 'n groot sukses wees," skryf hy.

'n Gesiene inwoner van Worcester het 'n pond saam met sy intekengeld gestuur met die opmerking: „Alle sukses toegewens!" Mnr T. F. Theron, Glassonstraat, Koffiefontein stuur ook 'n pond as donasie vir die blad, terwyl mnr. S. C. de Jongh, Philippolis, 'n pond stuur vir intekengeld en die res vir die fonds.

Van mnr. N. B. Jacobs, Griekwastad, is behalwe sy eie ook intekengeld vir 'n jaar op die blad ontvang „vir enige republikein wat dit nie kan bekostig om die blad te bekom nie". Hy skryf voorts as volg: **„As oudgeinterneerde wat weer van vooraf aan moes begin weet ek hoe swaar dit is as jy nie in staat is om jou blad wat jou ideaal propageer, te kan bekom nie. Dit was die wil van die Hoër Hand dat die O.B. as organisasie nie op 23 Augustus geskeur het nie, maar dat dit 'n ander fase binnegegaan het op die enigste pad wat die Afrikanernasie na werklike onafhanklikheid kan lei. Die stryd sal nog swaarder word, maar laat ons wat saamhoort saamstaan."**

### WIEL DRAAI

Mnr. J. H. van Rooyen, Amersfoort, wat intekengeld vir twee jaar vooruit insluit, skryf: „Ek wens julle alle sukses toe met die poging om ons land en volk te red uit die hande van verdrukkers. Ek vertrou dat God ons sal seën en ons voorspoedig maak om ons doel te bereik. Hou maar die blink kant bo. Die wiel draai stadig maar seker. Hierlangs was baie wat nie van 'n republiek wou hoor nie, maar wat nou begin sê dat 'n republiek al oplossing vir ons land is."

Mev. A. S. Swanepoel, weduwee van die voormalige hoofkommandant, mnr. D. A. Swanepoel, Winterton, Natal, stuur £1 met die woorde: „Jammer dat ek nie meer kan stuur nie, maar die orige sjielings (na aftrek van intekengeld) moet maar vir Die Republikein gaan.

Mnr S. P. Nel, Sutherland, wat £3 stuur vir die beweging, skryf: „Ek hoop ons nader ons eindbestemming met die hulp en genade van die Here. Ons hier in die afgesonderde dele waardeer die blad baie en ons hoop ons leiers sal koers hou."

# Moord op Blankes

**Verlede Saterdag is op een enkele aand meer witmense in Port Elizabeth deur oproermakende naturelle vermoor as wat die georganiseerde instrument van die kommuniste in Kenia, die Mau-Mau, in 'n hele week om die lewe gebring het.**

Nadat die spoorwegpolisie twee naturelle weens beweerde diefstal in hegtenis geneem het, het duisende naturelle in die naturelledorp New Brighton, digby Port Elizabeth, in oproer uitgebreek en alle witmense op wie hulle die hande kon lê doodgeslaan en hul eiendomme aan die brand gesteek. Voordat die polisie die orde kon herstel is vier blankes, onder wie 'n vyftienjarige seun, om die lewe gebring en 'n blanke vrou en kind beseer. Etlike geboue en motors is aan die brand gesteek.

Die vermoordes is mnr. R. Brandt, 'n bioskoopbestuurder, G. Leppan, projeksie-operateur, Kalie Bernhardt, werknemer by 'n bioskoop, en mnr. M. Laas, 'n vragmotorbestuurder wat naturelle-werkers gaan aflaai het. Mev. Brandt, wat by haar man was, is ernstig beseer, terwyl die dertienjarige seun van mnr. Leppan met ligter beserings daarvan afgekom het. Sewe naturelle is doodgeskiet en 21 gewond.

**Die naturelle-uitbarsting binne die grense van een van ons groot stede is 'n ernstige waarskuwing teen die gevaar wat die beleid van ekonomiese integrasie inhou. Op die duur beteken dit dat ons stede deur miljoene swartes omsingel sal wees, wat sonder die minste waarskuwing in barbaarse waansin kan uitbreek teen die blankes.**

Alle politieke berigte is geskrywe deur N. G. S. van der Walt en W. R. Laubscher, Groote Kerk-gebou 703, Kaapstad

DIE O.B., WOENSDAG, 22 OKTOBER 1952

# HOU REPUBLIKEINSE ARM VRY

Die republiekwording van Suid-Afrika sal ook nie by die aanstaande verkiesing te berde gebring word nie. Op Nylstroom het dr. Malan gesê dat die verkiesing sal gaan oor vier sake: die oppergesag van die parlement, apartheid, lojaliteit van landsburgers en die verhouding tot die buiteland.

Wat die derde punt betref, het dr. Malan dit teen die Verenigde Party by wie dit aan liefde vir Suid-Afrika ontbreek. Die laaste punt, waarby die republikeinse kwessie eintlik ter sprake moes kom, behels nie meer as 'n standpuntstelling teenoor die V.V.O. en Indië nie. Oor ons verhouding tot Brittanje en die Britse Statebond is niks gesê nie.

Dit is opmerklik dat hoewel nasionale partye vir die afgelope dertig jaar en langer die republikeinse ideaal in die een of ander vorm bely het, die saak tog nooit 'n strydpunt in 'n verkiesing gevorm het nie. Selfs nadat die Nasionale Party in 1919 'n afvaardiging na Europa gestuur het om 'n republiek te gaan vra, is die ideaal by die verkiesing die jaar daarop uitdruklik opsy gestoot. Die party het formeel sy woord gegee dat 'n republiek nie tydens sy bewind uitgeroep sal word nie. Dieselfde het in die verkiesings van 1943 en 1948 gebeur, en die verkiesing aanstaande jaar is ook geen uitsondering nie. Herhaalde versekerings is die afgelope tyd deur die N.P.-leier gegee, onder andere 'n paar maande gelede in 'n persoonderhoud, dat die party nie 'n republiek sal uitroep op grond van 'n gewone verkiesingsoorwinning nie.

### 'N GROOT FOUT

**Waar selfs vooraanstaande ondersteuners van die Nasionale Party tans toegee dat 'n republiek die doeltreffendste metode is om uit die sogenaamde „konstitusionele krisis" waarin die regering beland het te kom — soos onder andere ook deur Die Transvaler bepleit — is dit seker nie wyse politiek om nou byvoorbaat 'n republiek vir die volgende vyf jaar af te sweer nie.**

As die regering terwille van 'n klompie Engelse stemme nie tydens die verkiesing te koop wil loop met die republikeinse ideaal nie, kan hy dit maar net op die agtergrond hou sonder om hom uitdruklik te bind. Die regering mag hom in bepaalde omstandighede noodgedwonge voel om 'n republiek in die volgende vyf jaar uit te roep, maar dan moet hy eers weer 'n verkiesing hou met die republiek as direkte twispunt, wat bemoeilik sal word deur al die skrikaanjaging wat die opposisie in sy verset daarteen sal ophaal. Veg die Nasionale Party egter met sy hele beginselprogram sonder voorbehoud, maar met beklemtoning van die punte wat dr. Malan nou na vore stoot, sal dit per slot van sake weinig verskil aan die uitslag maak, maar die regering behou dan 'n vrye hand.

### GLO HOM TOG NIE

Soos sake vandag staan, sal die Nasionale Party weinig anti-republikeinse stemme selfs met openlike verloëning van die republikeinse ideaal wen. **In die partypolitiek word veel minder gestem op grond van wat iemand sê as op grond van wat sy algemene gesindheid is.** Al sou die V.P. vandag die versekering gee dat hy nie 10,000,000 Britse immigrante sal invoer nie, soos mnr. Strauss verlede week op sy kongres in Kaapstad gedoen het, sal die oorgrote meerderheid Afrikaners hom nie glo nie. Hulle weet dat die Verenigde Party geneig is om sy posisie met behulp van Britse immigrante te versterk, en al belowe mnr. Strauss in hierdie verband ook al wat, sal meeste Afrikaners terwille van sy immigrasiegesindheid teen hom stem. **En wat die Nasionale Party betref, moet dit nie uit die oog verloor word nie dat die party se woord en goeie trou weens sy Kleurlingwetgewing so in verdenking by die Engelse volksgroep gebring is dat hulle selfs vas daarvan oortuig is dat hul taalregte eerlang opgeskort gaan word. In so 'n atmosfeer het enige versekering aangaande die republiek geen verkiesingswaarde nie. Dit lê slegs 'n morele verpligting op die Nasionale Party wat net so lastig kan word as die morele verpligtinge wat sommige lede van die party twintig jaar gelede ten opsigte van Kleurlingregte op hulle geneem het en wat vandag die grondslag van opposisie-propaganda teen die party se goeie trou gebruik word.**

Daarom is ons pleidooi dat as die regering dan nie van die republiek 'n openlike strydpunt wil maak nie — waarvoor daar wel iets te sê is — laat die saak dan oop, maar moenie die vlerke van die republikeinse duif knip in die hoop dat die Engelse die duif vir 'n hoender sal aansien nie. Dit is nie die Engelse wat bedrieg word nie, maar republikeine.

# Van die Os op die Esel

**Deur Sybrand**

### *Die Wêreld se Vreemdelinge*

Niemand is so blind as die man wat nie wil sien nie, sê die spreekwoord. Dit mag waar wees, maar ewe waar is dit dat niemand so blind is as die man wat deur die partypolitiek verblind is nie.

Daar is talle voorbeelde in die buiteland sowel as in ons eie land, wat onmiskenbaar dui op die verrottenheid en uitgediendheid van die partypolitiek — maar hoeveel mense sien dit raak? Ongelukkig is daar so baie mense — ook in ons eie land — wat die fout begaan om net 'n partypolitieke koerant te lees (en nogal alles vir soetkoek op te eet wat daarin staan). Sulke mense is vreemdelinge in die wêreld waarin hulle leef — die betekenis van gebeurtenisse wat rondom hulle plaasvind besef hulle hoegenaamd nie. Hulle is die niksvermoedende stemme van die partypolitici.

Hulle is die mense wat deur die partypolitiek verblind is en wat blykbaar tevrede is om in die duisternis te verkeer omdat die lig vir hulle onbekend is.

### *Rewolusie teen die Partypolitiek*

Neem bv. die geval van Mohammed Nagib wat besig is — met verrassende sukses — om die Egiptiese huis skoon te maak. Wat is die betekenis van die gebeurtenisse in Egipte? Wat daar plaasvind is niks anders as 'n geslaagde rewolusie teen die partypolitiek nie. Die onttroning van koning Faroek was maar 'n onderdeel van die rewolusie. Na die abdikasie van Faroek het Nagib die beroepspolitici verbyster met sy bevel „om hul eie geledere te suiwer." En natuurlik kon hulle dit nie doen nie, met die gevolg dat Nagib self ingetree het — teneinde die sukses van die rewolusie te verseker.

Dit word algemeen aanvaar in die Westerse wêreld dat as Nagib nie daarin kan slaag om orde uit die Egiptiese chaos te skep nie, dan sal Egipte die kommunisme ten prooi val indien die Westerse moondhede die land nie op een of ander wyse beset nie.

Die waarheid is dat die Egiptiese beroepspolitici so 'n onsalige gemors gemaak het van hulle land se sake dat hulleself, die Egiptiese volk sowel as die buitelandse, waarnemers vir geen enkele minuut gedroom het dat die gemors opgeruim kan word nie. Maar tot almal se verbasing het 'n volksman — nie 'n partyman nie — na vore getree en hy het reeds soveel van die gemors opgeruim dat die hele wêreld hom met eerbiedwaardige bewondering gadeslaan.

### *Veelseggend en Betekenisvol*

Vir diegene wat nie blind is nie het die jongste gebeurtenisse in Egipte 'n betekenis, waarop, minstens, ag geslaan moet word. Vir geslagte het die beroepspolitici in Egipte huisgehou op 'n korrupte wyse. Die land is verrineweer, die volk is uitgebuit, verarm en tot die gebruik van verdowingsmiddels gedryf. Die rykes het ryker geword en korrupsie en uitbuiting tot 'n kuns ontwikkel. Aan hierdie ellendige toestand word nou 'n end gemaak — deur middel van 'n rewolusie teen die partypolitiek. Is dit nie veelseggend nie?

Nagib se program is eenvoudig. Hy het begin met die verwydering van koning Faroek. Toe het hy aan die politieke partye gesê dat hulle doelstellings tog maar nagenoeg dieselfde is. Hy begryp derhalwe nie waarom daar so baie partye moet wees nie. Hulle moet hulleself suiwer en saamstaan sodat hulle 'n volksregering kan daarstel. Dit kon hulle nie en gevolglik het Nagib self die regeringshoof geword.

### *Sy Geloofsbelydenis*

Sy politieke geloofsbelydenis is kort maar kragtig. Dit lui: (1) Ek is maar net 'n dienaar van Allah, wat die ware heerser oor Egipte is; (2) Dit help niks om net die stert af te kap van die slang van korrupsie nie; sy kop moet afgekap word. (Ek kan nie genoeg beklemtoon hoe roerend ek dit in hierdie verband met Nagib eens is nie. Liewe deug, ek het al honderd keer gesê dat dit niks help om die „kleintjies" te vervolg solank die „grotes" vry loop nie.)

Ten slotte lui Nagib se belydenis: (3) Die man wat meer geheg is aan sy rykdom as aan sy volk verdien nie om onder ons te leef nie.

Ek moet erken dat hierdie standpunt van die Mohammedaan my agting vir Nagib laat styg het. So 'n standpunt kan 'n partypolitikus nooit inneem nie. Die fondament waarop partye gebou word is die gehegtheid aan geld en posisie. Vooraanstaande mense sluit nie by 'n party aan omdat hulle die party of sy leiers of sy program lief het nie. O, nee. Hulle sluit aan omdat hulle agter die geld en die posisie is wat hulle deur middel van die party kan verkry. En dit is van hierdie mense wat Nagib sê dat hulle nie verdien om onder hulle volk te lewe nie!

### *Sedelike Wapenrusting*

Die paar stellinge van Nagib wat ek aangehaal het is die sedelike wapenrusting waarmee hy sy rewolusie teen die partypolitiek voer.

Die onmiddellike aanleidende oorsaak van Nagib se rewolusie om orde en sosiale geregtigheid in Egipte teweeg te bring is geleë in die skandalige korrupsie ten aansien van wapenvoorsiening tydens die jongste Egiptiese ekspedisie teen die Joodse staat, Israel. Die skelms en die skurke (bekleders van vername posisies) het glo miljoene gemaak deur nuttelose wapens te koop en aan die Egiptiese soldate te gee. Die soldate moes met hul lewe vir die korrupsie betaal, en die Egiptiese leër moes die skande van nederlaag dra. Toe is gestig Die Vereniging van Vrye Offisiere wat 'n eed gesweer het om hul land te red uit die kloue van die gewetenlose en die posisiesoekers. Dit is hierdie Vereniging wat die rewolusie bewerkstellig het.

Nagib is 'n lid van die Middestand — die stand wat in die meeste demokratiese lande die belasting-pakesel van die partypolitici is. Sy vader was 'n polisie-offisier. Hy is 'n man met 'n groot werkvermoë en is hoog ontwikkeld. Hy kan vlot Engels, Italiaans, Duits en Frans praat.

Verdere interessante lig op sy agtergrond word gewerp deur die feit dat hy alreeds een maal aan 'n sameswering teen die Britte deelgeneem het; en dat sy adjunk — Amvor El Sadat — gedurende die jongste wêreldoorlog deur die Britte uit Egipte verban was as gevolg van sy simpatie met Duitsland.

### *Partypolitiek deug nie*

Maar daar is ook in ons eie land voorbeelde — sommer talle — wat aandui hoe nikswerd die partypolitiek is. Mense moet die voorbeelde net raaksien.

Sodra 'n probleem ernstig en netelig word dan vra die partypolitici self dat dit uit die partypolitiek gelig moet word. Waarom? Omdat die partypolitiek nie in staat is om probleme op te los nie. Die partypolitiek is 'n bakleiery oor probleme — nie daarteen nie. Sodra 'n probleem darem regtig „opgelos" moet word, moet dit uit die partypolitiek gelig word. Is dit dan nie 'n bewys — vir almal, behalwe die blindes — dat die partypolitiek nie deug nie? Natuurlik is dit.

Die partypolitici vra alreeds dat die kleurvraagstuk uit die partypolitiek gelig moet word. En daar gaan baie stemme op dat sake soos behuising, gesondheidsdienste, lewensduurte, buitelandse beleid, ens. uit die partypolitiek gelig moet word.

Maar dit is mos 'n erkenning dat die partypolitiek verrot en uitgedien is. Sal ons volk hierdie waarheid tog nie besef voordat dit te laat is nie?

### *Waarskuwing*

Ek wil waarsku. Ek lees in die koerante dat sommige partypolitici besig is met 'n veldtog van bewieroking van die partypolitiek. Hulle is natuurlik bang dat die volk agter die kap van die byl sal kom en die partypolitiek sal los. Nou prys hulle die euwel aan as die enigste medium waardeur die volk se probleme opgelos kan word. Die volk moet hulle nie deur sulke propaganda-praatjies laat mislei nie.

### *Deskundigheid*

Ek lees in 'n Engelse koerant van 'n Oos-Kaaplandse boer wat sy mening oor die oorsaak van gronderosie met groot stelligheid uitgespreek het op 'n byeenkoms waar 'n grondbewaringsdeskundige die saak behandel het. „Ek verskil heeltemal van die spreker," het hy gesê. „Die oorsaak van gronderosie is nie oorbeweiding nie, maar die ouderdom van die aarde. Ek skat die ouderdom van die aarde op 4,000 jaar, en omdat hy so oud is, is sy kors besig om oop te bars. Dit glo ek is die oorsaak van gronderosie."

Hierdie uitlating, wat seker heelwat vermaak aan die blad se lesers besorg het, het my laat dink aan die wyse waarop 'n ou boer eendag in my teenwoordigheid 'n Skot geterg het. Met 'n doodernstige gesig het hy aan die Skot vertel: „'n Klompie kinders in Skotland het een maal 'n sakhorlosie in die pad opgetel. Die vonds het heelwat opspraak verwek in die omgewing, daar niemand kon vasstel wat se voorwerp dit is nie. Uiteindelik het hulle die horlosie na die oudste Skot gebring, waar hy in sy leuningstoel sit. Nadat die ou man die tikkende voorwerp aandagtig beskou het, het hy met groot stelligheid verklaar: 'Julle moet hom doodslaan; dis hy wat die aartappels vreet.' "

# Stalin Spreek Sy Rysmiere Toe

In 'n toespraak voor die kommunistiese kongres in Moskou het Josef Stalin Russiese steun aan alle kommuniste buite die Sowjet beloof in hul stryd om „bevryding".

Stalin het aan die geraamde 30 miljoen kommuniste buite Rusland gesê dat Rusland hul steun nodig het en hulle ook sal help „om vir vrede en bevryding te veg".

# VOLK RAAK MOEG VIR PARTYPOLITIEK

**Die partypolitiek het in die afgelope tyd taamlik onder skoot gekom in die nuusblaaie. In sommige gevalle word briewe met aanvalle op die partypolitiek onderdruk. In die Diamond Fields Advertiser skryf iemand met die skuilnaam „Ons Volk" onder meer as volg:**

„Ons volk beteken ons volk. Daarom sê ek na die hoenders met die partypolitiek. Dit was nog nooit van enige nut in ons deel van Afrika nie. Die enigste goeie regering wat Suid-Afrika sedert 1910 gehad het was die koalisie tussen Hertzog en Smuts.

U sê, hulle sê, ek sê: **Lig nie-blanke sake uit die partypolitiek, maar waarom nie ook grondbewaring, minerale produksie, voedsel, behuising, die voorreg van arbeid, eerbare aftreding — en waarom nie ook ons volk nie?**

„Ek het tot die gevolgtrekking gekom dat ons almal mal is om na die partypolitieke getwis van gister-vandag te luister, maar met die hulp van die Here nie ook môre nie! Die een organisasie sê hy staan vir dit, daardie party sê hy staan vir dat. Maar waaroor gaan dit alles? Niks anders as seksionalisme nie. Hierdie land kan nie sedelik of geldelik enige vorm van seksionalisme bekostig nie. Ons kan net ons volk bekostig."

**VOETBALVELD**

In 'n brief aan die Daily Mail, wat egter publikasie ontsê is, skryf Veritas van Kroonstad na aanleiding van die blad se beswaar teen die Nasionaliste se beskuldiging dat die Engelse pers die wetsverbreking van nie-blankes aanmoedig, as volg: „Vir 'n ou man wat sowel Die Burger as die Daily Mail lees skyn die Nasionaliste se steek nie heeltemal onvanpas te wees nie. Die Engelse koerante as geheel volg sy jingoistiese rigting tot sy uiterste net soos die Afrikaanse koerante hul chauvinisme tot die uiterste dryf. Sowel redakteurs as joernaliste van albei seksies van die Suid-Afrikaanse pers skyn alle sin vir verhouding, billikheid, eerlikheid en ordentlikheid te verloor het, en sien in die ander groep niks anders as duiwels, oneerlikheid en kwaai bedoelings. En al wat tel is hoe die man in die straat aangevuur kan word om in die ander groep van die gemeenskap sy aartsvyand te sien. Hierdie partygees het die nie-denkende deel van die bevolking so gedemoraliseer dat die volgelinge van die een party nou voor die voet alles veroordeel wat die ander party doen, beoog of nalaat. En op hierdie wyse hoop hulle om die ernstige vraagstukke van ons land op te los!

**„Arme land wat gebruik word as 'n politieke voetbalveld deur twee politieke partye wat net dan met mekaar saamstem wanneer hulle verteenwoordigers in die parlement vir hulleself salarisverhogings stem — waarmee die algehele verrotheid van ons geprese demokrasie aan die kaak gestel word."**

**WORTEL VAN KWAAD**

In Dagbreek skryf C. J. Heibner, Ripon, Yorkshire: „Die partypolitiek is die wortel van alle kwaad. Partybelang kom altyd eerste. **Alle verstand, tyd en inspanning word aangewend om die regerende party aan die bewind te hou, of die opposisie-party aan bewind te kry.** 'n Mens verstaan dat dit vir die Nasionale Party van groot belang is om die Kaapse Kleurlinge as kiesers uit te skakel, want anders verloor hulle miskien 'n paar setels. Mens verstaan ook dat dit vir die Verenigde Party van groot belang is om die Kleurlinge op die kieserslys te hou, want dan wen hulle 'n paar setels. **Dat die land van weë hierdie botsende partybelange in 'n krisis beland, is van minder belang! As Suid-Afrika sy probleme wil oplos, sal hy moet uitskei met hierdie ingevoerde en noodlottige partystelsel."**

**BESTE MANNE**

In Die Landstem het 'n hele aantal lesers hul instemming betuig met 'n brief van 'n leser wat teen die partystelsel te velde trek. A. M. Serfontein, Fouriesburg, stel voor dat die volgende verkiesing sonder partye moet geskied. „Ons nomineer die paar beste manne in elke kiesafdeling. Met stemdag word vir die beste man gestem. Na die verkiesing kom gekose lede bymekaar, kies die eerste minister en stel 'n beleid vir die regering op uit die beleide van die vorige politieke partye. Hulle gaan dan voort om ons land op die bes moontlike wyse te regeer. Na vyf jaar vind ons ons almal in een kamp as een Suid-Afrikaanse wit nasie."

H. J. de Klerk, Pk. Bethal, skryf dat die verdeeldheid ons tot ondergang lei en dit is nodig dat ons kerk- en volksleiers bymekaar kom en die verskilpunte met mekaar bespreek en oorbrug.

„Oudsoldaat", Randfontein, verklaar dat hy „honderd persent saamstem om weg te doen met die partypolitiek. Partypolitiek veroorsaak net rassehaat en volksverswakking."

# GELYKE BEHANDELING NIE GELYKHEID, HUL STANDPUNT

**Die stelling is meermale in ons blad gemaak dat die beleid van afsondering of apartheid groter steun van die nie-blankes sal geniet indien dit so toegepas word dat dit duidelik is dat daar ook aan hulle belange gedink word. Daarom het Die O.B. fout gevind met die wyse waarop treinapartheid in Kaapstad toegepas is deur dat dit net sekere eersteklaswaens vir blankes reserveer, maar die nie-blankes nie ook teen blanke indringing beskerm nie. Blankes kan na willekeur in nie-gereserveerde waens tussen nie-blankes gaan ry.**

**Hierdie soort apartheid verwerk wrewel by die nie-blankes en skep die indruk dat die witman net daarop uit is om homself ten koste van die nie-blankes te bevoorreg met sy apartheid.**

In 'n brief aan die Cape Times gee 'n nie-blanke uitdrukking aan hierdie opvatting. Hy verklaar dat baie blankes heeltemal onder verkeerde indruk verkeer aangaande die nie-blankes se houding teenoor apartheid. „Wanneer nie-blankes teen onregverdige wette protesteer deur apartheidsmaatreëls te tree, is hulle bedoeling geensins om die eensbestaande ‚voorreg' om in dieselfde eersteklaswa langs die blanke te sit te laat herleef nie. Dit beteken ook nie dat hulle ontevrede is omdat hulle die rolprent ‚Sound Barrier' nie in die Colosseum kon sien nie. Inteendeel, hulle is heeltemal tevrede om dit in die Star- of Gem-bioskoop te sien, solank hulle dit maar net ook kan sien.

**„Wat ek duidelik wil maak is dat die nie-blankes billikheid en regverdigheid verlang en nie maatskaplike gelykheid of iets dergeliks nie . . . Die nie-blanke is ontevrede omdat dit altyd lyk of hy die slegste helfte ontvang — indien hy soveel as dit ontvang."**

## *Tamatieplant Hoër as Huis*

Uit Port Elizabeth word berig van 'n tamatieplant by die huis van mnr. J. T. McNish wat meer as twaalf voet hoog is en veertien voet wyd strek. Meer as 100 ryp tamaties is al gepluk en daar is nog 90. Die plant het gegroei uit 'n tamatiewortel wat mnr. McNish in April in skraal grond ontdek het. Nadat hy die grond bewerk het, het dit uitgeloop en rank nou al oor die huis se dak.

## Dansmusiek Vir Die Kerk

Moderne dansmusiek sal die nagmaalgangers van 'n Engels-Katolieke kerk in Londen voortaan begelei solank die mis bedien word. Dit sal deur klaviere, 'n ghitaar en moontlik 'n fluit verskaf word, hoewel die regte ding eintlik 'n dansorkes sou wees, volgens die komponis, eerw. Geoffrey Beaumont, kapelaan van Trinity College, Cambridge, wat die musiek vir die mis gekomponeer het.

Hy het gesê dat dit sy idee is dat die mense wat gewoond is om na dansmusiek te luister hierdie soort musiek in verband met hul kerk moet bring.

Een van die predikers by die Thomas-kerk, waar dit aanstaande maand ingevoer gaan word, het verduidelik dat die musiek 'n jazz-ritme het. Sommige is op 'n „fox-trot"-maat en ander op 'n walsmaat, het hy gesê.

Die berig meld nie of die idee ook by die kerkleiers posgevat het om „Super Man" en ander Amerikaanse prente-rillers in die kerk te lees sodat mense wat daaraan gewoond is „sulke leesstof in verband met hul kerk kan bring" nie.

## Wondermetaal Volop in S.A.

Suid-Afrika staan op die punt om die produsent van nog 'n gesogte metaal te word wat nuwe rykdomme naas goud en uraan na ons land kan bring. Dit is die nuwe „wondermetaal," titaan, wat ligter as staal is, sterker as aluminium, roesvry en met 'n baie hoër smeltpunt as staal. Met die nuwe tydperk van spuitaangedrewe vaartuie word 'n wedloop om besit van hierdie uiters geskikte metaal vir die nuwe soort masjiene verwag, en Suid-Afrika het groot rykdomme hiervan veral in die Transvaalse bosveld waar dit in die vorm van magnetiese ysterts voorkom.

## *Kunsoë Moontlik Oor Paar Jaar*

Twee wetenskaplikes, van wie een die blinde dr. Friz Guggi is, is besig met proefnemings om kunsmatige oë aan blindes te verskaf wat hulle in staat sal stel om te sien. Die oë sal met elektriese batterye werk, en hulle verwag dat hulle binne enkele jare sal slaag. Deskundiges verklaar dat die idee teoreties wel moontlik is.

# HET KANS VERSPEEL

## Soos Ons Lesers Dit Sien

**Mnr. Leon Kooyker, Lusaka, skryf:**

Daar is niks bekend van 'n offisiële poging om die Nasionale Party en V.P te oorreed om die kleurvraagstuk uit die partypolitiek te lig nie. Dis waar, talle leiers het daarvan „gepraat", op 'n vae manier, en sonder enige verantwoordelikheid. Nou dat die N.P. praat van „bankrotskap aan 'n kleurbeleid by die V.P." en hoop dat die „V.P. oor die kleurvraagstuk sal skeur", sluit dit ook so 'n moontlikheid uit.

Dr. Malan span die perd agter die wa. So 'n voorstel sou miskien kans van slaag gehad het, as dit sou gekom het voor hy die Kleurlinge op 'n aparte kieserslys wou plaas, wat tog net daarop gemik is om die V.P. afbreuk te doen.

Met die deurdryf van daardie wet het dr. Malan tewens sy kans verspeel in sake die protektorate. Watter garansie het Engeland dat dr. Malan die skepsels in die Protektorate beter sal behandel as die Kleurlinge?

Dis bra naïef van dr. Malan om dit nog te vra, want daar is nie die minste moontlikheid dat die Malan-bewind ooit die Protektorate sal kry nie.

## Tee-Aand

Die tee-aand verlede Donderdagaand by mnr. en mev. S. J. Swanepoel, Duiwekop (ongelukkig is die adres in DIE O.B. verkeerdelik as Vredehoek aangegee), was besonder gesellig en 'n bedrag van £3 5s. is ten behoewe van die blad ingesamel.

Mej. Retief, van die Vriendskapsentrum, sal die volgende gasvrou wees.

Dit vind plaas op 31 Oktober in die Vriendskapsentrum.


## GEKLASSIFISEERDE ADVERTENSIES

**TARIEF:**

**Huishoudelike Kennisgewings:**

(Verlowing, huwelik, geboorte, sterfgeval, in memoriam, gelukwensing, ens.) 1d. per woord; minimum 2/6 per plasing. Vooruitbetaalbaar.

Vir herhalings 25 persent afslag.

**Handelsadvertensies:**

Eerste plasing 2d. per woord. Vir herhalings 25 persent afslag.

Intekengeld op „Die O.B." (verskyn weekliks): 12/6 per jaar of 6/3 per 6 maande. Vooruitbetaalbaar. Stuur advertensiegeld, bestellings en intekengeld na VOORSLAG (EDMS.) BEPERK, Posbus 1411, KAAPSTAD.

**MEUBELS**

MEUBELS.—Beter Meubels teen billiker pryse. Babawaentjies, stootkarretjies, driewiele, linoleums, tapyte, ens., ook altyd in voorraad. Geen katalogus. Meld waarin u belangstel. — VISSER-MEUBELS, Langstraat 179, Kaapstad. 3/12/11

**RADIO**

LOUW EN LOUW, die Beroemde Radio-ingenieurs, Stasieweg, Parow, verkoop en herstel Radio's en Elektriese Toestelle. Geregistreerde Elektrisiteitsaannemers. Foon 9-8435.

**HORLOSIES EN BRILLE**

H. J. STEYN, De Villiersstraat 17, Vasco, K.P.—Vir horlosies en brille. Verkoop en repareer. Persoonlike aandag. 19/9/TK

## O.B. VRIENDSKAPSENTRUM

Groote Kerkgebou 604, Kaapstad

Vir

Heerlike koffie: Tee: Koeldranke: Roomys: Geroosterde brood: Toebroodjies: Soep en Nagereg

**Besoek ons wanneer u in Kaapstad is**

*Ons pryse—die billikste* — *Ons diens—die beste*

**Beter Tabak maak Beter Sigarette**



# V.P. KAN IN VERKEERDE KOERS GEDWING WORD

**'n Pleidooi dat die Nasionale Party moet help om die naturellevraagstuk uit die partypolitiek gelig te kry, met die waarskuwing dat indien die Verenigde Party gedwing word om 'n teenoorgestelde beleid te formuleer, die kanse vir aparte ontwikkeling waarskynlik onmoontlik gemaak gaan word, is vervat in die weeklikse politieke oorsig van W. van Heerden in *Dagbreek*. Mnr. Van Heerden skryf na aanleiding van die uitlating van min. J. G. Strydom, Transvaalse leier van die N.P., dat die kleurvraagstuk nie uit die partypoltiek gelig kan word nie omdat slegs die regering die vraagstuk deur wetgewing en administratiewe stappe kan oplos, en dat die Verenigde Party sal verdwyn indien hy die regering se apartheid steun, „want hy is van rassehaat afhanklik vir sy bestaan."**

Mnr. Van Heerden merk op dat nie een van min. Strydom se redes afdoende klink nie. **„As die Verenigde Party na 'n ooreengekome nasionale kleurbeleid sy bestaansbasis moet verloor, laat hom. Hoekom nie? En terwyl dit volkome waar is dat net die regering van die dag 'n oplossing met wetgewing en administratiewe stappe kan bevorder, spreek dit ook vanself dat hy dit beter, konsekwenter en bestendiger kan doen met die nasie agter hom as met net een party agter hom.**

„Dit is waar wat die Minister sê dat die Verenigde Party op die oomblik geen kleurbeleid het nie. Juis die afgelope week het nogeens laat sien watter harrewar van stemme daar opgaan vanuit die geledere van die regering se teenstanders. Die een sê ‚konsulteer'; andere bepleit 'n ‚nuwe benadering'; nog andere begeer ‚ekonomiese integrasie maar maatskaplike segregasie,' wat al hierdie uitdrukkings ookal mag beteken. Maar naas hierdies is daar 'n sterk, en ek dink toenemende, groep wat sê dat ‚die enigste werklike oplossing' is om ‚terug te keer na die ou Kaapse liberale tradisie' en oor te slaan na 'n beleid van ‚gelyke regte vir alle beskaafde mense.' Hulle erken dat die natuurlike verloop hiervan sal wees dat die blanke uiteindelik sy seggenskap sal moet prysgee, maar voer daarteenoor aan dat daar eenvoudig geen ander morele en tegelykertyd praktiese uitweg is nie.

### NET TWEE WEË

„Dit is inderdaad ook die enigste werklike beleid (naas totale apartheid) wat die Verenigde Party as alternatief kan stel teenoor die apartheid van die regering.

„Dit het hulle sover nie gedoen nie, in die eerste instansie omdat dit op die oomblik nog noodlottig sal wees vir 'n verkiesing, en in die tweede instansie omdat 'n groot persentasie V.P.-lede, insluitende leiers, niks van so iets wil weet nie.

„Die Verenigde Party het dus, op die oomblik, geen alternatiewe kleurbeleid waarmee hy na die land kan gaan nie. Gevolglik sal hy een van twee weë moet volg: òf met die Nasionale Party probeer ooreenkom tot 'n tweeparty-gedragslyn, soos die Amerikane gedoen het met buitelandse beleid, òf 'n alternatiewe beleid vind.

### DIE EEN

**„Eersgenoemde weg kan net gevolg word as die Nasionale Party van sy kant ook meehelp. Ek voer aan dat dit nog gedaan kan word sonder 'n beginselkompromisse omrede van wat ek hierbo gesê het: ek glo nl. dat die groot meerderheid V.P.-ondersteuners dit in breë beginsel eens is met apartheid. En** ek dink nie dit behoef enige betoog wat daarmee bereik kan word nie. Laat my egter net twee oorwegings noem:

**„Dink aan die effek na buite wat dit sal hê as die huidige skynverskil vervang kan word met die feit van oorwegende blanke eenheid in die Unie wat hierdie saak betref; en dink aan die onderskeid wat dit sal maak as minister Verwoerd by die aanvoorwerk, die grondslae vir aparte ontwikkeling waaraan hy met soveel energie en reeds met heelwat welslae werk, die steun van vrywel die hele blanke bevolking kan kry instede van om te kampe te hê met partypolitieke vittery, en in die wiele gery te word deur mense wat dit in hoofsaak eens is met sy rigting.**

### GEVAAR

„As die Verenigde Party op die ander weg moet terugval en uiteindelik wel 'n konkrete alternatiewe beleid moet formuleer en aanbied, vrees ek kan en gaan dit niks anders as die meergesegde ou Kaapse ‚gelyke regte vir beskaafde mense' in een geïntegreerde samelewing wees nie. Invloedryke elemente onder hulle staan dit reeds voor. Dit sal hulle aanvanklik baie steun laat verloor. **Vir die Nasionale Party sal dit tydelik, solank as alle ander dinge normaal bly, groot voordeel beteken. Maar ek vrees dat as ons een maal hier twee partye kry wat uitgesproke verdeel is op die basis van apartheid teen gelykheid, en met wêreldopinie, opinie in die res van Afrika en die gewig van die hele nieblanke bevolking van die Unie in die skaal teen eersgenoemde, die kanse vir aparte ontwikkeling eindeloos bemoeilik, indien nie onmoontlik gemaak gaan word nie."**


## Snelle Groei van Nywerhede

**Suid-Afrika se nywerheidsproduksie het in die twee jaar sedert 1949 bykans verdubbel, het dr. H. J. van Eck, voorsitter van die Nywerheidsontwikkelingskorporasie, verlede week in Johannesburg gesê.**

Hierdie geweldige nywerheidsrevolusie het eers na die oorlog begin. Tydens die oorlogsjare het daar geen nywerheidsontwikkeling plaasgevind nie. In 1939 was die nywerheidsproduksie van die land £200,000,000. In 1949 was dit £675,000,000 in 1950 £875,000,000 en verlede jaar £1,000,000,000 of vyf maal meer as in 1939.

**Dr. Van Eck het gesê dat Suid-Afrika 25 jaar gelede 'n armblanke vraagstuk gehad het. Vandag het hy dit nie meer nie.**


memo oor persoonlike keurigheid




Produkte van Suid-Afrika

Enigste Distribueerders in Suid-Afrika:

H. J. Niehaus (Edms.) Beperk

Posbus 4883, Johannesburg

Posbus 2108, Kaapstad



O.B. JAARGANGE

JAARGANG 1950—1951

Nou verkrygbaar teen £1 5s. elk.

PRAGTIG INGEBIND

*VOORRAAD BAIE BEPERK*

BESTEL DUS DADELIK BY:

VOORSLAG (EDMS.) BPK.

Groote Kerk-gebou 703 — Kaapstad


## 14 Oeste Lewer Meer as 22 van Selfde Grond

**Groenbemesting kan die gemiddelde jaarlikse opbrengs van mielielande met meer as vyf sak per morg verhoog en die produksiekoste van mielies verlaag, al word die land wat groenbemes word minder dikwels ge-oes, volgens proefnemings wat in Rhodesië gedoen is.**

**Vyftig sak meer mielies is in 'n proef oor 22 jaar van 'n land verkry wat net 14 oeste mielies gelewer het en intussen groenbemes is as van 'n land wat elke jaar van die 22 onder mielies was.** Hierdie proef, wat in The Rhodesia Agricultural Journal aangehaal word, is op diep rooi grond by die Salisbury-proefplaas uitgevoer, maar goeie uitslae met groenbemesting is ook op ander proefplase in die kolonie behaal.

Die proefland wat van 1913 tot 1928 mielie-oeste gedra het, het 'n afname in produksie begin toon. Dit is toe in twee verdeel en op die een helfte is voortgegaan met mielies jaar na jaar, terwyl op die ander elke derde jaar 'n groenbemestingsgewas gesaai en ingeploeg is. Gelyke hoeveelhede fosfaat is op die twee lande toegedien.

In die 22 jaar sedert 1928 het die deel sonder groenbemesting 132.2 sak mielies gelewer (gemiddeld 12.6 sak per morg). Die land waarop groenbemesting toegepas is, het in die 22 jaar 186.9 sak gelewer in in 14 oeste (17.9 sak per morg gemiddeld per jaar). Daarby kos dit minder om 'n land onder groenbemesting te sit as om dit vir mielies te bewerk. **Dit het dus minder gekos om die 186.9 sak in 14 oeste te kry as wat dit gekos het om die 132.2 sak in 22 oeste te kry.**

## *Vroue Byeen*

Die gereelde maandelikse vergadering van O.B.-vroue in die O.B.-kantoor, Groote Kerkgebou 703, Kaapstad, vind op Woensdagoggend, 29 Oktober om 10.30 soos gewoonlik plaas.

'n Punt wat onder meer bespreek sal word, is die vorm wat die vroue se bedrywigheid moet inneem met betrekking tot fondsinsameling vir die republikeinse blad.

## *Jode in V.V.O.*

(Vervolg van bladsy 1 kolom 5)

**Internasionale Monetêrefonds:**

J. Goldmann, P. Mendès (lede van die raad van goewerneurs, onderskeidelik van Tsjeggo-Slowakye en Frankryk); C. Gutt (voors. raad van direkteure, België); L. Rasminsky (direk. van Kanada); W. Kaster (onderdirek. van Nederland); N. Altman (assistent direkteur); E. M. Bernstein (direkteur van navorsingsdiens); J. Gold en L. Leventhal (raadslede).

**Internasionale Vlugtelinge-organisasie:**

Mayer Cohen (direk.-genl. afd. voorsorg en gesondheid); P. Jacobson, R. J. Youdin (onderskeidelik direk.-genl. en direk. afd. repatriëring).

**Wêreldgesondheidsraad:**

Z. Deutschman (hoof tegnolog. afd.); G. Mayer (hoof vertaaldiens); M. Siegel (direkteur beheer en finansies); N. Goodman (direkteur-genl. afd. Chirurgie).

**Interasionale Handels-organisasie:**

M. Seutens (voorsitter).

**Internasionale Unie van Telekommunikasies:**

F. C. de Wolf (lid van raad van beheer); Garry C. Gross (ondersekretaris-genl.); H. B. Rantzen (direkteur van telekommunikasiediens).


**Internasionale Organe van Burgerlike Lugvaart:**

A. C. Berg (hoof).

**Gemengde Dienste:**

A. C. Katzin (V.V.O.-verteenwoordiger in Korea); G. Movshon (V.V.O.-verteenwoordiger, inligtingsoffisier, Korea); E. A. Gross (verteenwoordiger V.S.A.); I. Lubin (ekonomiese kommissie); Jul. Katz Souchy (verteenwoordiger van Pole); Alex Bebler (verteenwoordiger van Joegoslawië).

„DIE O.B." word gedruk deur Pro Ecclesia-Drukkery, Birdstraat, Stellenbosch, vir die eienaars en uitgewers, Voorslag (Edms.) Beperk, Groote Kerkgebou 703, Posbus 1411, Kerkplein, Kaapstad.

JAGSEISOEN

Om met 'n mauser te korrel en grootwild te skiet, om 'n De Wet-mes te vat en rugbiltong te sny . . . dit is die Afrikaanse lewenswyse. Maar of jy nou leeus gaan jag of net bokke gaan skiet, Rembrandt word altyd verkies. Die sigaret gemaak van die room van die oes . . . ook *dit* is tipies Afrikaans.



Rembrandt

KURK ONGEKURK, FILTER......STANDAARD EN VAN RYN GROOTTE

ELKE SIGARET 'N MEESTERSTUK

Kopiereg. RA 117.